# PRO REGNO

*Daarom, omdat ons 'n onwankelbare* ***koninkryk*** *ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. – Hebr.12:28*

**Nommer 2** **- *Vir die Koninkryk* -** **15 April 2009 AD**


**Inhoudsopgawe**


- Boekresensie: Isak Burger, Jan van der Watt, Hennie Stander, e.a. *Die 50 Grootste Geloofsvrae met reguit antwoorde deur Bekende Bybelkenners*, deur S. Le Cornu
- *Skrifkritiese opleiding in teologiese skole*, deur dr. R.J. Rushdoony


## ONS ALGEMENE TWYFELAGTIGE ONGELOOF ?

### - Wat godsdienstige kenners en kundiges vandag glo -

*Resensie:* Burger, I; Van der Watt, J; Stander H. 2009. *Die 50 Grootste Geloofsvrae met reguit antwoorde deur Bekende Bybelkenners.* Vanderbijlpark: Carpe Diem Media. 223 bl.

### Inleidend

Ons het op skool altyd gespot: "Die vraestel was maklik, maar die antwoordstel was so moelik!". Met die lees van die boek *Die 50 Grootste Geloofsvrae,* was my eerste reaksie: "Die vrae is goed, maar die antwoorde, of ten minste 'n klomp daarvan, is skokkend". Hier is die advertensie van die boek:

> Kan ek alles in die Bybel glo? Moet 'n mens nog kerk toe gaan? Mag Christene aan lotery deelneem? Kan gays hemel toe gaan? Wat is sonde teen die Heilige Gees? Ons wonder almal soms oor hierdie soort vrae, maar Bybelkenners en godsdienstige denkers spandeer jare om hierdie kwessies in diepte te ondersoek en deurdink. In hierdie opwindende nuwe boek ondersoek 50 Bybelkenners van die werklike groot vrae wat mense vir baie jare al vra. Die skrywers sluit in professore en teologiedosente, Christelike skrywers en navorsers, predikante en kenners van die Bybel wat veel dieper as die oppervlak gaan delf het. Hulle poog om die temas van alle kante te belig en weer te gee wat eeue gelede in die Bybel oor elke spesifieke saak gesê is, wat oor die jare deur teoloë daaroor geskryf is, en nuwe denkpatrone te belig en hul eie sienings weer te gee. Vol fassinerende insigte help hierdie boek om die leser weer die misterie van God se grootheid en sy allesomvattende liefde en omgee te ontdek. Mag hierdie boek elke leser help om antwoorde op hul geloofsvrae te kry, en om opnuut in die geloof versterk te word.[1]

Die hartseer tragedie is dat as gelowiges hierdie boek lees, hul nie bybelse antwoorde gaan kry op baie van die vrae nie, en definitief nie in hul 'geloof versterk' gaan word nie. Ten minste nie die geloof wat ons bely as die 'algemene en ongetwyfelde Christelike geloof' van die kerk deur die eeue, en soos dit in die reformatoriese belydeniskrifte uiteengesit word nie.[2]

Inteendeel, na ek die 50 antwoorde gelees het, het ek nog 150 vrae gehad, nie oor die Bybel nie, maar oor wat die meeste van hierdie 'kundiges' nou werklik 'glo' ?[3]

As 'n mens baie van die boek se antwoorde moet glo, en al die kundiges wat mekaar so lekker weerspreek daarin, dan moet ons die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis en Kategismus verander na die "algemene verwarde weersprekende twyfelagtige ongeloof".

---

[1] www.carpediem.co.za

[2] Heidelbergse Kategismus (HK), v/a 22.

[3] Daarom was dit vir my vreemd om te sien dat 'n dopperpredikant (dr. Neels Smit) en 'n gereformeerde baptis (dr. Nico van der Walt) aan hierdie boek meegewerk het.

**Die Apostoliese Geloofsbelydenis**

Om mee te begin, die titel van die boek maak daarop aanspraak dat dit dié 50 *grootste* geloofsvrae vra en beantwoord. 'n Mens sou dus verwag dat daar ten minste 'n vraag sal wees oor elke artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis[4], wat so terloops, omtrent deur elke groep wat hulself 'kerk' in die wêreld noem, onderskryf word.

Vrae oor "God die Vader en ons skepping" asook "God die Heilige Gees en ons heiligmaking" is daar, maar, oor "God die Seun en ons verlossing"[5] is daar so te sê niks. Die volgende aspekte van die kerk se belydenis deur die eeue word glad nie eers aangespreek nie, en dit beteken by implikasie dat dit nie (meer) deel is van ons 'grootste geloofsvrae' nie:

- die maagdelike geboorte van Jesus Christus (artikel 3)
- die lyding, kruisiging, sterwe, begrafinis, neerdaling na die hel van Jesus Christus (art.4)
- dat Christus op die derde dag opgestaan het uit die dood (artikel 5)
- dat Christus opgevaar het na die hemel (art.6)
- die opstanding van die liggaam (artikel 11)

'n Mens kan ook nie anders as om te wonder, veral as 'n mens kyk na die name van sekere kundiges in hierdie boek, waarom prof. Julian Muller byvoorbeeld nie gevra is om die vrae te antwoord oor artikel 5 en 11 van hierdie belydenis van ons nie ? Sy onduidelike opstandingsgeloof sou mooi ingepas het by die res van die twyfelagtige antwoorde wat ons by meeste van die ander kenners in hierdie boek kry.

**Postmodernistiese aanslag**

Die gevaarlikste deel van hierdie boek, as ek sommer dadelik daarmee begin, is juis dat dit ook goeie antwoorde het ... wat dit juis deel van dié probleem maak. Die gemiddelde lidmaat, wat nie sulke groot 'kundiges' en 'Bybelkenners' is as meeste van die skrywers nie, sal totaal verward anderkant uitkom, as hul na die eerste paar vrae, nog bereid is om die verdere twyfelantwoorde te lees, wat nog te probeer verstaan.

Om maar net 'n paar voorbeelde te noem:

- een artikel vertel dat dit goed is om gay te wees, en dan volg twee artikels wat daarop wys dat die huwelik goed en reg is en dat saamwoon buite die huwelik afgekeur moet word;
- een artikel leer dat God nie almagtig is nie, en die volgende een leer dat Hy wel almagtig is;
- sekere artikels gaan met die Bybel om as die Woord *van* God, ander weer as mensewoorde *oor* of aangaande God;
- een artikel wys daarop dat doodstraf toegepas moet word vir moordenaars, en die volgende een dat 'doodstraf' wel toegepas moet word vir babatjies in die baarmoeder (aborsie);
- een doop is genoeg, maar jy kan jou ook weer laat grootdoop;
- jy kan beide glo in die skepping én evolusie;
- en so kan 'n mens aangaan.

Die boek is, doelbewus of ondoelbewus, so opgestel om elke nuutste teologiese, kerklike en etiese gier en plesier te akkomodeer, maar, natuurlik moet die 'tradisionele kerkmens' ook so paar goeie ou antwoorde kry. In die 'geleerde taal', noem ons dit die postmoderne siening of omgang met die Bybel en die Christelike geloof: elkeen wat opreg glo is mos reg, ongeag dat jou standpunt 'n ander standpunt weerspreek. Daar is altyd nog 'n dwaling om te akkomodeer "solank ons net almal lief is vir ('n belydenislose ekumeniese waarheidlose) jesus". GK Beale skryf oor hierdie poging om ons geloof te herinterpreteer om alle standpunte, na watter kant ookal, te akkomodeer:

> Furthermore, to attribute the leading of the Spirit to that which guides Christian communities and traditions to different, even mutually exclusive, views of biblical truth is an attempt to baptize a postmodern approach with Christian terminology.[6]

Met hierdie inleiding, kan ons nou na 'n paar van die vrae en antwoorde kyk in hierdie boek.

Ek het vir resensie doeleindes die 50 vrae in drie groot dele opgedeel, waar ek na enkele voorbeelde sal kyk:

1. Skrifbeskouing vrae
2. Teologiese vrae
3. Etiese vrae

**1. Skrifbeskouing vrae**

Daar is twee spesifieke vrae en antwoorde wat 'n mens van kennis moet neem aagaande skrifbeskouing en skrifgesag, want dit

---

[4] Daar is 12 artikels.

[5] Sien HK, v/a 24.

[6] *The Erosion of Inerrancy in Evangelicalism. Responding to New Challenges to Biblical Authority*. (Wheaton, Illinois: Crossway Books), p.258. 'n Resensie van hierdie boek in *Pro Regno* nr. 1 April 2009 (sien die webadres hieronder).

verduidelik waarom die hele boek mekaar so kan weerspreek, uiteenlopende verklarings het en nogsteeds 'n "and they live happily ever after" kan hê, alles saamgebind in 'n mooi omslag, waarmee almal gelukkig kan wees.

**a. *Is die Bybel waar ?, prof. Hennie Stander*[7] *(bl.32-35)***

Stander meen daar is twee teenoorgestelde antwoorde op hierdie vraag ('teorieë') wat ons moet vermy. Aan die eenkant is daar die 'letterlike siening' ('fundamentaliste'[8]):

> "Hierdie groep glo dan ook absoluut elke woord in die Bybel. Hulle glo dat God regtig die wêreld in net ses dae geskape het, dat Jona regtig drie dae en drie nagte in die maag van die vis was, dat Jesus uit 'n maagd gebore is, en ook dat Jesus regtig liggaamlik uit die dood opgestaan het."

Aan die anderkant is daar die 'simboliese verstaan', en hulle is mense:

> "... wat sê dat ons beslis nie elke woord in die Bybel letterlik moet glo nie. [9] Hierdie groep redeneer gewoonlik vanuit hulle huidige ervaring."

Laasgenoemde groep meen dan dat iets soos die maagdelike geboorte en die liggaamlike opstanding van Christus "metafories of simbolies" verstaan moet word, en dus nie as werklike historiese gebeure nie.

Stander se antwoord op hierdie twee sienings is dan:

> "Wat doen ons met hierdie *teorieë* ?[10] Indien ons daarop aandring dat ons absoluut *elke* woord in die Bybel moet glo, sal ons ook moet erken dat ons ongelukkig *nie weet wat elke woord in die Bybel is nie*. Die waarheid is dat ons nie die oorspronklike teks van die Bybel het nie. Ons het slegs afskrifte van afskrifte van afskrifte van die oorspronklike teks."[11]

Dus, ons kan nie werklik weet wat is die waarheid nie, en tog, maak Stander die volgende opmerking, net voordat ons ons 'bybels' wil weggooi en die waarheid op 'n ander plek gaan soek:

> "Nogtans, ons kan wel seker wees wat elke vers in die Bybel bedoel om te sê, en dit kan ons wel glo. Ons kan dus wel die *volle* boodskap van die *hele* Bybel glo!"

Waarop ek antwoord met 'n 'wetenskaplike': *Huh* ?

Ons het nie, of kan nie weet dat ons vandag nog *al* die woorde van die Bybel het nie ... maar ons kan nogsteeds weet wat *elke* vers in die Bybel sê, en wat die volle boodskap daarvan is ?

Maar, bestaan 'verse' nie uit woorde nie, en om die volle boodskap te ontvang het jy elke woorde nodig van die boodskap ? *En, .... bepaal .... .... wat is nou .... se ..... ... ...ter nie ?* Nee, ek sal ook nie hierdie laaste sin kan verstaan nie, behalwe as ek elke woord het. Hier is die sin nou volledig, met elke woord, sodat u die boodskap kan verstaan:

*En, hoe bepaal die kundiges wat is nou God se woorde en watter nie ?*

Hoe *weet* hul dat ons nie al die woorde van God het nie, soos dit deur die eeue bewaar is onder God se voorsienigheid deur die manuskripte en vertalings, en bely word deur die ware kerk in die NGB artikels 2-7:[12]

---

[7] Departement Antieke Tale - UP, asook deeltydse predikant van die NG Kerk Bonaero Park.

[8] Prof Stander het nie hierdie *vloekwoord* gebruik nie, dit is my eie *vloekwoord* wat ek opgetel het toe ek teologie gestudeer het.

[9] Daar word met woorde gespeel deur die kundiges. As met 'letterlik' bedoel word, dat ons die prosa en poësie ontken in die Skrif, dan verwerp ons (nog altyd) die 'letterlike siening'. As met 'letterlik' bedoel word, om elke teks volgens sy letter, volgens sy letterkunde, hetsy simbolies of letterlik te verstaan, dan sê ons dit is wat die ware kerk nog altyd geglo het. Dit is die Geesvervulde grammaties-historiese verstaan van die Skrif wat ons moet volg, in lyn met die gereformeerde kerke en belydenisskrifte deur die eeue.

[10] Kursief bygevoeg.

[11] Kursivering bygevoeg.

[12] Sien die artikel: God se voorsienigheid, die kanon, en die grondteks, beskikbaar by: http://www.esra-instituut.co.nr/ (Kyk onder 'Bybelvertalings'). Westminster Konfessie, artikel 1.8: "Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in

> Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, *maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek*, soos die heilige Petrus sê (2Pe 1:21). Daarna het God *deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid sy knegte (die profete en apostels) beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel*, en Hyself het met sy vinger die twee tafels van die wet geskrywe. Daarom noem ons sulke geskrifte die heilige en Goddelike Skrif. – NGB artikel 5[13]

> Die Ou Testament in Hebreeus (wat die moedertaal van God se volk in die ou tyd was) en die Nuwe Testament in Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid *in alle eeue* suiwer bewaar en is daarom betroubaar. – Westminster Konfessie, artikel 1.8[14]

Dit lyk vir my dit kom daarop neer dat die kerkvolk weer oorgelewer is aan die 'kundiges' en 'kenners' om vir ons te vertel watter woorde die waarheid is, en watter nie ?

Stander gaan verder en wys ons daarop dat nie alles geskiedenis is in die Bybel nie (wat natuurlik waar is, daar is ook ander genre's). Sy kriteria vir geskiedenis is egter nie Godsopenbaring nie, maar 'ooggetuie-verslae'. As daar nie 'n menslike getuie was, wat gesien het iets het gebeur nie, dan het dit blykbaar nie gebeur nie. Hy wil sterk daaraan vashou dat die Evangelies historiese gebeure is, dus ook die kruisiging en opstanding, en stel dit dan baie sterk:

> "Dit is ook waarom die Evangelieskrywers en Paulus dit benadruk dat daar ooggetuies was wat werklik gesien het nadat Hy uit die dood opgestaan het. As ons dus hierdie gebeure ontken, haal ons die hart uit die evangelie uit. Dan bly daar absoluut niks in die Christendom oor wat ons geloof sinvol maak nie"

Maar, *eerstens*, net 'n klomp woorde terug, het Stander gesê dat dit bloot 'n 'teorie' is, "dat Jesus regtig liggaamlik uit die dood opgestaan het" ?

*Tweedens*, daar was géén ooggetuie van Jesus Christus se liggaamlike opstanding nie. Geen ooggetuie het gesien hoe Jesus begin asemhaal, die bande afhaal, en opstaan en uitloop nie. Die ooggetuies (engele, vrouens, die twaalf, vyfhonderd broeders, Paulus)[15] is getuienis van die feit *dat* Hy opgestaan het, nie die daad self nie. Ons glo dat Hy opgestaan het, omdat Hy dit gesê het (Mark.14:28, Godsopenbaring), en die Vader, Seun en Heilige Gees is genoegsame getuienis deur sy Woord en Gees,[16] dat die opstanding histories-feitlik plaasgevind het: "salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het" (Joh.20:29).
*Derdens*, hoe besluit enige 'kenner' wat kan en moet ons nou 'letterlik' histories glo en wat nie ?

Hoekom is die 6-dag skepping, Jona in die vis, Jesus wat uit die maagd gebore is, en liggaamlik opgestaan het bloot 'teorieë' ... maar die Evangelies is 'geskiedenis' ?

Is die paasgebeure nou 'teorie' of 'historiese gebeure', die weerspreking maak die lesers deurmekaar oor wat Stander werklik glo ?

*Vierdens*, in elkgeval, as ons nie die volle waarheid het nie, hoe weet Stander, of hoe kan hy ons verseker dat daar dalk nie nog woorde ontdek gaan word wat sê dat al die paasgebeure is dalk nie historiese gebeure nie, of dat die 'ooggetuies' vals was nie ? As ons nie *elke* woord het nie, as die Bybel nie genoegsaam is nie (NGB artikel 7), dan het ons *geen* woord van God nie. Dan kan ons die 'verlore woorde' opspoor eendag, en dit vertel dalk 'n heel ander storie.

Waar trek Stander die lyn, wat om te glo en wat nie ?

---

Grieks (die taal wat algemeen bekend was aan die volkere toe dit geskryf is), is onmiddellik deur God geïnspireer en deur sy buitengewone sorg en voorsienigheid *in alle eeue* suiwer bewaar en is daarom betroubaar".

[13] Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB, opgestel in 1561).

[14] Een van die belydenisskrifte van die engels-gereformeerd/presbiteriaanse kerke (opgestel in 1643/44).

[15] 1 Kor.15:5-8.

[16] NGB artikel 5.

Is dit die huidige teologiese klimaat, die nuutste navorsing ?

Prof Stander profeteer teen homself (en vir baie van die kundiges van die boek) as hy ten slotte skryf;

"Ons is nie onintellektueel as ons God se boodskap aan ons onvoorwaardelik glo nie" (bl.35).

Inderdaad.

Om onvoorwaardelik te glo is, is die ware geloof wat "... 'n *vasstaande* kennis (is) waardeur ek *alles* wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het vir waar aanvaar.[17]

En ons glo "ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."[18]

En, kan ons byvoeg, veral vandag: ons glo ook "sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat *die teologie, die wetenskap, die kenners of kundiges* hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is," ... "Want die waarheid is bo *alles*"[19]

En, "*Alle* mense (dus ook elke wetenskaplike, kenner en kundige) is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps.62:10). Ons verwerp daarom met ons hele hart *alles* wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...*maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is*" (1Joh.4:1) en: "*As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie*..." (2Joh.1:10).

Om die boodskap te glo, moet jy die geskiedenis, die volle geskiedenis daaragter glo, asook, volgens Jesus: "*elke* woord wat deur die mond van God uitgaan" (Matt.4:4). Die gelowige, die *gelowige* wetenskaplike, die *gelowige* kundige, die *gelowige* kundige bely dan terwyl hy die Heilige Teks bestudeer: "Ons vat die Heilige Skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen *niks* ingebring kan word nie."[20]

Want ons wandel, ook as ons teologiese wetenskap beoefen, deur die geloof en nie aanskouing nie[21]: "ek glo, daarom verstaan ek" – Augustinus.

Dit bring ons by die volgende twydel vraag en twyfel antwoord.

### *b. As tekste mekaar weerspreek ?, prof Willem Boshoff[22] (bl.210-214)*

Boshoff meen daar is 'n klomp tekste wat mekaar weerspreek, ons moet dit nie ontken of probeer "harmonieer of in lyn bring met mekaar (nie). Die beste reaksie is myns insiens om die tekste elkeen ernstig op te neem en sodoende uit te vind waarom hulle nie ooreenstem nie."

Boshoff noem twee sienings van die Bybel. Die eerste een is die Bybel is die Woord *van* God, die tradisionele siening wat glo die Bybel weerspreek homself nie. Hy karakteriseer, etiketteer en tatoeër hierdie siening o.a. as volg, ten minste van die 2de sin af:

> "Vir sommige beteken dit dat God self elke woord uitgedink het en in die gedagtes van mense geplant het, sodat hulle dit kon neerskryf.[23] Dit is dieselfde manier waarop Moslems die Koran as Allah se woorde verstaan. ... Vir iemand wat hierdie benadering tot die Bybel volg, is die blote verskil tussen tekste in die Bybel 'n krisis, want God kan tog nie jok nie. Hoe kan Hy van Homself verskil?"

Boshoff beskou die Bybel as "woorde ... wat *oor* God handel, woorde aangaande God". Skrywers het deur die eeue iets oor God te sê gehad, en die bepaalde geloofsgemeenskappe het daardie 'woorde aangaande God ... kanonies of gesagvol aanvaar.'

Slegs hierdie (tweede) siening, volgens Boshoff, kan verduidelik waarom daar weersprekings en probleme is in die Bybel.

---

[17] Heidelbergse Kategismus (HK) v/a 21.
[18] NGB artikel 5.
[19] NGB artikel 7.
[20] NGB artikel 4.
[21] 2 Kor.5:7.
[22] Ou Testament, Bybelkunde en Bybelse Argeologie – Unisa.
[23] Amen: 2 Petr.1:19-21.

Dus, volgens Boshoff, kan sy god nie sy eie woorde, sy openbaring uitdink en openbaar deur mense nie, maar moet mense, skepsels vir hom dink, soos die afgode van die volke om Israel: "Hulle afgode ... het 'n mond, maar praat nie" (Ps.115:4,5).

Boshoff gaan dan voort om een 'baie groot probleem' oftewel 'weerspreking' aan te spreek: 2 Sam.24:1, wat sê die HERE het Dawid aangehits om die volk te tel, en 1 Kron.21:2 wat sê dat die Satan Dawid aangehits het om die volk te tel.

Sy antwoord vir hierdie 'weerspreking' is as volg: Die skrywer van Samuel (mnr. Deuteronomis) wou in sy 'preek' wys dat die Here is nou moeg vir die volk se sondes, en daarom hits die HERE vir Dawid aan; maar vir mnr. Kronis is mnr. Deuteronomis "se siening ondenkbaar. Dawid moes deur Satan om die bos gelei gewees het (soos Adam in die paradys), om die ondenkbare te doen, en dit is om God te weerstaan."

Boshoff meen "... dit is onmoontlik om te redeneer dat die Here en Satan eintlik dieselfde aanstigter van die sensus kon gewees het."

Maar hoekom is dit 'onmoontlik' ?
Omdat Boshoff se verstand (wat hy duidelik nie goed gebruik nie) so sê ?

Kontra Boshoff, sal hierdie verse mekaar alleen weerspreek, slegs as albei nie die waarheid is nie. Maar hoekom kan albei nie die waarheid wees nie ? Dr. Willie Marais, 'n *gelowige* kundige antwoord as volg:

> "Dit is Dawid wat die opdrag gee dat Israel en Juda getel moet word (2 Sam.24:2; 1 Kron.21:2), maar dit is die HERE en Satan wat Dawid aanhits om dit te doen (2 Sam.24:1; 1 Kron.21:1). Maar hoe het die Here dit gedoen ? Hy het blykbaar vir Satan gebruik om dit te doen. En dat God deur middel van Satan dinge kan doen, staan vas. Ons lees byvoorbeeld in 1 Samuel 16:14 'Maar die Gees van die HERE het van Saul gewyk, en 'n bose gees van God gestuur, het hom verskrik.'"[24]

Dit sal Boshoff ook goed doen om ook vers 3 te lees van Ps.115 wat ek hierbo aangehaal het, want hierdie vers 3 wys dat die ware God almagtig en soewerein is, en 'alles' doen wat Hom behaag. Nie, soos die god van Boshoff wat nie kan dink en praat nie (Ps.115:4,5).

Ja, die Bybel bevat verskille (soos die verskillende Evangelie weergawes) en gedeeltes wat moeilik is (swaar is) om te verstaan (2 Petr.3:16), maar dit is nie 'weersprekings' en 'foute' nie. Al weersprekings en foute wat daar is, is die foute en weersprekings tussen ons sondige mense se twee ore, wat wel met 'n goeie dosis 'bybelse massering'[25] verwyder kan word.

Teenoor Boshoff se antropologiese 'gemeente-teologie'-skrifbeskouing, bely ons volgens die Skrif dat:

> ... hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie, *maar die heilige mense van God het dit, deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek*, soos die heilige Petrus sê (2Petr. 1:21).[26]

Ons lees in die Bybel nie dat "die mense se woorde *oor* God het tot die mens gekom nie", maar ons lees van die "woord *van* die Here" wat tot die profete gekom het (Jer.1:2). Daarom dat die kerk van Christus nog altyd glo dat die Bybel *is* die Woord *van* God, *deur* mense (Jer.1:1), *aan* mense, nie *van* mense nie.

Die mens weerspreek homself, nie God nie.

**Samevattend**
Dus, wat die Bybel betref, waarin ons leer van God Drie-enig, ons verlossing en hoe om te lewe, [27] is sekere 'kenners' en 'kundiges' se antwoord dat die Bybel wat ons vandag vashou nie die waarheid is nie, of dat ons ten minste nie kan nie weet of dit die waarheid is of nie. Dit is nogal 'n probleem as jy 'n boek uitgee met die belofte van "Mag hierdie boek elke leser help

[24] *Die Bybel in die Weegskaal: Kritiek teen die Bybel ontleed* (Doornpoort, 2003), bl.64. Sien hierdie boek, asook die volgende wat die kritiek teen die Bybel en die sogenaamde 'weersprekings' en 'foute' aanspreek: GL Archer, *Encyclopedia of Bible Difficulties* (Grand Rapids, MI: Zondervan, 1982); L. Richards, *Biblical Difficulties Solved* (Grand Rapids, MI: Revell, 1993).
[25] Ps.1:2; 119:18; Matt.4:4; Hand.17:10; 2 Tim.2:15.
[26] NGB artikel 3.
[27] NGB artikel 2.

om antwoorde op hul geloofsvrae te kry, en om opnuut in die geloof *versterk* te word."

Die kerk van Christus bely as volg oor die Bybel as die Woord van God:

> Ons vat die Heilige skrif in twee dele saam: die Ou en die Nuwe Testament. Dit is die kanonieke boeke waarteen *niks* ingebring kan word nie. Hulle getal in die kerk van God is soos volg (*en dan volg die name van die 66 Boeke*).[28]

Indien, ons nie 'elke woord' het van God, soos Hy dit vir ons in sy voorsienigheid bewaar het (Matt.5:18) deur die manuskripte en vertalings nie, dan kan hierdie artikel van ons geloofsbelydenis nie meer waar wees nie. Dan is daar ook nie meer sprake van iets soos 'n kanon nie, ten minste nie 'n geslote kanon nie. En as ons nie al die woorde het nie, dan beteken dit daar kan nog 'ander woorde van God' ontdek word, wat wys dat die woorde wat ons het, nie die 'waarheid' is nie.

Nee, kom ons bly by die algemene ongetwyfelde christelike geloof, dit wat aan ons oorgelewer is (Jud.3), soos ons dit bely in HK, v/a 21: Wat is 'n ware geloof?

> Antwoord: 'n Ware geloof is nie alleen 'n *vasstaande* kennis waardeur ek *alles* wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het (a) vir *waar* aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertroue (b) wat die Heilige Gees (c) deur die evangelie in my hart werk (d), naamlik dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my uit loutere genade, slegs op grond van die verdienste van Christus (e), vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid (f) geskenk het.

## 2. Teologiese vrae

*i. Is God almagtig ?, Johan Smit*[29] *(bl.7-10)*

Smit antwoord eintlik nie die vraag self nie, en wil ook nie kant kies nie, alhoewel dit lyk asof hy na König[30] se standpunt neig:

> "Is niks vir God onmoontlik nie? 'Ja!' sê Calvyn, 'Nee' sê Konig, God het Homself as't ware aan bande gelê deur aan die mens mag toe te ken. En God verkeer met die Bose magte in stryd. God is nie altyd die wenner nie, altans nie nou nie, maar aan die einde sal God finaal die absolute oorwinning behaal."

*Eerstens*, is dit opmerklik dat Smit baie moeite doen om die nie-Calvinistiese standpunt van o.a. König te verduidelik, maar by Calvyn noem hy net: "Calvyn het geglo dat God alles beskik. Alles gebeur net soos Hy dit bepaal het. Dus: God laat nie net die slegte toe nie, maar beskik dit so."

*Tweedens*, gee hy baie meer ruimte aan JA Heyns se standpunt ("God het die moontllikheid, maar nie die werklikheid van die sonde gewil nie") en veral Konig se standpunt: "Konig meen daar is iets soos sinlose geweld waaruit niks goeds kan voortspruit nie. ... God kan nie regtig alles doen wat Hy graag wil doen nie. God wou nie hê dat daar 'n Auschwitz moes wees nie" en Hy kon dit nie keer nie, "Omdat Hy besluit het om aan die mens die vryheid te gee om te kan kies."[31]

Smit se gevolgtrekking: "En dan sê God: 'Ja, wat die gevolge van die sondeval betref, is my hande wel afgekap, maar dit lê nie in my Goddelike mag aan bande nie. My kerk het my hande geword.' "

Dr. Isak Burger, president van die AGS skryf ook, in die behandeling van die vraag, *Is my dood vooraf bepaal?,*: "(Ek) kan nié sê dat God vir elke mens sy of haar streep getrek het nie … Mense kán hulle eie streep trek" (bl.222). God weet wanneer ons streep getrek gaan word, volgens Burger, maar Hy bepaal dit nie noodwendig nie. Die mens se keuse bepaal dit.

---

28 NGB artikel 4.

29 Skrywer van meer as 60 boeke. Afgetreerde NG predikant.

30 Prof Adrio König, emeritus professor in Sistematiese Teologie, Unisa. Sien sy boek: *God, waarom lyk die wêreld so?* 2002.

31 Daar is baie ooreenkomste met die 'Open Theism' dwaling: "Open Theism is the concept that God has neither decreed nor ordained the future in specific terms. The future actions of man, the creation (e.g. natural disasters), or angels; are not specifically known to God and therefore the future is "open" in terms of outcome and how God may react to those events. It is a slight modification of Process Theology (which teaches that God Himself is evolving or "processing" towards a higher state of existence). You can see our series of articles in The Master's Seminary Journal on this subject here: http://www.tms.edu/JournalIssue2001.aspx

Hanna is 'n egter baie beter 'teoloog':

> Die HERE maak dood *en* maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk *en* laat daaruit opkom. Die HERE maak arm *en* maak ryk; Hy verneder, *ook* verhoog Hy.[32]

Teenoor die magtelose god wat deur die mens se besluite en keuses gestuur word, *glo* die ware kerk dat die ware God, "die Vader, Skepper van hemel en aarde" *alles* doen wat Hy behaag (Ps.115:3; 135:6), Hy skep die heil én die onheil, Hy doen dit *alles* (Jes.45:7). Deur Christus werk Hy *alles* volgens die 'raad van sy wil' (Ef.1:11). Hy het dit ook gewil én bepaal dat Christus, aan die hand van goddelose manne sterwe, waar aan hul skuldig en voor verantwoordelik is (Hand.2:23). Daarom dat die Seun van die soewereine almagtige God, ook sê:

> "Die Seun van die mens gaan wel heen volgens wat *bepaal* is, maar *wee* daardie man deur wie Hy verraai word!" – Luk.22:22

God het die lyding, kruisiging en sterwe van Christus 'bepaal', maar die goddelose manne is verantwoordelik en skuldig aan hierdie sonde, daarom 'wee' hulle.

En, die lyding van Christus was nie 'sinloos' nie, so ook nie die lyding en dood van elke gelowige in Auschwitz of in die nuwe SA met al sy misdaad- en aborsiemoord nie, want:

> "*Kosbaar* is in die oë van die HERE die dood van sy gunsgenote." – Ps.116:5

> "… ons weet dat vir hulle wat God liefhet, *alles* ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is." – Rom.8:28

Teenoor die magtelose god wat aan bande gelê word deur mense, bely die kerk ook van die liefdevolle soewereine God van die Bybel, wat ook die kwaad vir my ten goede laat meewerk (HK, Sondag 9 en 10):

> Ek glo dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en aarde met alles wat daarin is, uit niks geskep het (a) en deur sy ewige raad en voorsienigheid nog onderhou en regeer (b), ter wille van sy Seun Christus my God en Vader is. (c) Op Hom vertrou ek so dat ek nie daaraan twyfel dat Hy my, met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie (d). Hy sal ook *al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor my beskik, tot my beswil verander* (e), omdat Hy dit as 'n almagtige God kan (f) en ook as 'n getroue Vader wil doen (g).

> Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?
> Antwoord: Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) *en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom* (f).

Die god wie se wil deur die mens se wil bepaal en gestuur word, die god wie se hande 'afgekap' is oor die gevolge van die sondeval, is die god van die Filistyne, Dagon,[33] nié die God van Abraham, Isak en Jakob, die Vader van Jesus Christus nie. Die ware soewereine almagtige God sê:

> "[5] Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, [6] sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; [7] wat die lig formeer *en* die duisternis skep, die heil bewerk *en* die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat *al* hierdie dinge doen. … [9] Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; [10] wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, *en al wat my behaag, sal Ek doen*." – Jes.45:5-7; 46:9,10

---

[32] 1 Sam.2:6.

[33] "Maar toe hulle die volgende môre vroeg opstaan, sien hulle Dagon lê met sy gesig op die grond voor die ark van die HERE; maar die hoof van Dagon *en sy twee handpalms lê afgebreek op die drumpel*: net Dagon se lyf het aan hom oorgebly." (1 Sam.5:4).

### *ii. Wat de duiwel?, prof. Danie Veldsman[34] (bl.53-57)*

Soos 'n 'goeie' postmodernis stel die professor die verskillende standpunte oor die bestaan van die duiwel (al dan nie), sonder om duidelik kant te kies. Tog is dit duidelik uit sy sarkasme teenoor die tradisionele beskouing, dat hy die duiwel meer as 'n 'mitologiese spreekwyse' sien wat nie meer in lyn is met ons 'verwetenskaplike verstaanswêreld' nie. En dan doen hy boonop nog sy bes, om die duiwel te red uit sy skuld aan die sondeval:

> "In die tradisioneel ortodokse kerklike kringe word gesê dat ons die duiwel sommer aan al die begin van die Bybel vind. Is dit so ? Die Bybelboek Genesis identifiseer nie die slang en die duiwel met mekaar nie. Die leser doen dit omdat dit al ywerig in kerklike tradisies gedoen is. Klaar gepraat. Haastig word dan verbygegaan by die treffende reformatoriese oproep dat die Skrif sy eie uitlegger moet wees. Sou ons dit in hierdie konkrete geval eksegeties doen, dan kom die ontwyking van menslike verantwoordelikheid (gee liewers 'n ander die skuld) en eiesinnigheid ter sprake."

'n Mens kan nie glo dat 'n professor in dogmatiek sulke uitsprake kan maak nie, maar dalk sê dit meer van die vervalle toestand van SA se teologiese skole, as die profesoor self.[35]

Kom ons verklaar Genesis 3 volgens die 'treffende reformatoriese oproep dat die Skrif sy eie uitlegger moet wees':

> **"**Julle het die *duiwel* as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar *van die begin af* en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan." – Joh.8:44

> "En die groot *draak* is neergewerp, die ou *slang* wat genoem word *duiwel* en *Satan*, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. … En hy het die *draak* gegryp die ou *slang* wat die *duiwel* en die *Satan* is en hy het hom gebind duisend jaar lank" – Op.12:9; 20:2

Of is ons marcionisties,[36] dat ons Bybel net uit sekere boeke of net die OT bestaan ?

Ja, natuurlik moet ons nie die duiwel misbruik om ons eie verantwoordelikheid te ontken nie. Die Bybel leer egter die werklike historiese bestaan van die duiwel, en dat hy[37] én die mensdom verantwoordelik is vir die sonde en ongeregtigheid wat plaasvind (Gen.3:9-19).

### *iii. Is daar regtig 'n hemel ?, prof. Hermie van Zyl[38] (bl.89-92)*

Soos sy voorgangers, is onduidelikheid en onsekerheid 'n kenmerk van sy antwoord. Aan die eenkant meen hy die hemel kan 'tyd en ruimte' beslaan, maar aan die ander kant maak hy ook uitsprake soos:

> "Voorstellings oor die hemel in die Bybel is verweef met die antieke wêreldbeeld. Ons wêreldbeeld vandag is anders. Die hemel is daarom vir baie nie meer 'n realistiese manier om na die hiernamaals te verwys nie. Teoloë is dus geneig om met minder sekerheid oor die hemel te praat en konsentreer eerder op die dinge wat hier en nou belangrik is vir Christene."

Weet werklik nie wat die prof nou eintlik glo oor die hemel nie, die lesers sal hom maar self moet vra.

### *iv. Evolusie of Skeppingsverhaal?, Dr. James Kirkpatrick (bl.98-101)*

Die dokter kan nie genoeg sy misnoeë bekend maak teenoor die kreasionistiese beskouing nie (In ses dae is alles geskape en die skepping sowat 6 000 jaar oud).[39] Hy meen kreasionisme is gebaseer op 'n "fundamentalistiese hantering van die Bybel ... naïef-letterlike" lees van die Bybel. Verder, "Die premoderne wêreldbeeld

[34] Professor in Dogmatiek en Christelike Etiek, UP.
[35] Sien RJ Rushdoony se artikel hieronder.
[36] Marcion (85-160). Hy het die gedeeltes waarvan hy nie hou nie, uit die Bybel verwyder, totdat hy net met 'n verwerkte deel van Lukas en die briewe van Paulus oorgebly het.
[37] Vandag: of *sy* ? …
[38] Doseer NT aan die Universiteit van die Vrystaat.
[39] Sien die volgende webblaaie om eerstehandse kennis op te doen van wat kreasionisme leer: www.creation.com en www.answersingenesis.com

van die Bybel word tot ewige waarheid verhef. Dié manier van Bybelinterpretasie steur hom nie aan die feit dat die Bybelskrywers volledig kinders van hulle tyd was nie."

En toe hy nou goed opgewarm is, volg: "Wat in hierdie hoofstukke staan, het NIE[40] so gebeur nie. Dit maak dit nie minder waar nie, want dit sê iets wesenliks oor God en mens. Indien jy daarop aandring om die tekste letterlik te verstaan en die gesag daarvan aan so letterlike lees te koppel, maak jy die Bybel eintlik belaglik."

Die vraag is net: hoe besluit die dokter wat is nou geskiedenis en wat nie aangaande Gen.1 en 2 ? Verder sou dit goed gewees het om ook te kon hoor hoe verstaan die dokter Gen.3, oor die sondeval. Het dit ook "NIE" so gebeur nie ?

Waar stop die dokter met sy bepaling van wat was nou deel van die 'premoderne wêreldbeeld' waarvan die Bybelse skrywers ten volle kinders (slagoffers?) van hulle tyd was, en wat nie ?

Hoekom was God self, en wat hul oor die mens gesê het (bv. geskape na die beeld van God, die lewende gees wat die mens ingeblaas is) nie ook deel van hul wêreldbeeld nie ?

Dalk het die Israeliete 'n god geskep na hul beeld, soos Boshoff hierbo beweer: 'n woord aangaande 'n god wat nie self kan spreek of skep nie ?

Hoekom moet ons die skrywer[41] van Geneis glo 'dat' 'n God geskep het, maar nie oor die 'hoe' nie ?

En dan, sommer dieselfde met Jesus Christus, en alles wat Hy gedoen het, veral sy liggaamlike opstanding. Was die maagdelike geboorte, liggaamlike opstanding en hemelvaart nie alles maar ook deel van die 'antieke wêreldbeeld' van die NT skrywers nie, wat seker dan ook "volledig kinders van hul tyd was nie" ?

Tereg sê die Psalmskrywer dat as die fondamente omgegooi word, kan die regverdige niks doen nie.[42]

[40] Die dokter se eie hoofletters, wat beteken hy 'skree' nou op die kreasioniste.
[41] Of dit nou J,E,D,P … G,H,K,L,N,O … of watter 'voorletter skrywer' dit ookal was volgens die moderne OT teologie.
[42] Ps.11:3.

Soos my vrou se katkikasie predikant haar mooi geleer het: skeur die eerste bladsye van 'n boek uit (Gen.1-3), dan raak die agterste bladsye (die Evangelies) ook los en val uit ... niks bly oor nie.

En dan die hoogtepunt van die dokter se twyfelantwoord, wat sy darwinistiese onderrok heeltemal laat uithang: "Die insigte wat deur Darwin op die tafel geplaas is, is met die tyd verfyn en aangepas sonder om die basis daarvan te verander. So het die teorie net sterker geword, soveel so dat dit in die wetenskap as gegewe aanvaar word. Evolusie[43] is 'n ***feit***." (beklemtoning bygevoeg)

Ja, u het reg gelees, dit is nie 'n drukfout nie. Die dokter glo dat vir 'n padda om in 'n prins te verander, is nie meer 'n *fairy tale* nie, maar wetenskap.[44] En daarom is sy konklusie: "Dit is dus goed moontlik om tegelyk die evolusieteorie of oerknalteorie te aanvaar en op grond van Genesis 1 en 2 geloofsuitsprake oor die Skepper en skepping te maak, sonder om in geestelike skisofrenie te verval."

Die dokter, kan ook nie anders nie as tot daardie konklusie te kom nie, want hy moet sy antieke geskrif (die bybel) laat aanpas by die modernisties-evolustionistiese wêreldbeeld, waarvan hy en sy teologiese bedmaats, om die dokter self aan te haal, "*volledig* kinders van hulle tyd" is. Hy het dit ingesluk, bene en al, alles, sonder om eers te kou, reguit enjinkamer toe ... maar, onthou, dit moet ook uitkom, en dit sien ons in hierdie 'antwoord': dit lyk en ruik nie mooi nie.
Daar is meer respek vir volwaardige ateiste soos Dawkins, Hawking, Templeton en andere wat konsekwent besef dat met die Bybel en die Christelike geloof, is dit alles of niks; as iemand met 'n modernistiese evolusionistiese bril op en met 'n sker in sy hand die Bybel lees en bestudeer. Hy wat op twee plekke gelyk probeer staan (Mark.8:38).

[43] Let wel: die dokter se definisie van 'evolusie' is nie 'ontwikkeling binne 'n spesie nie' (wat gelowiges nog altyd aanvaar het), maar 'oorgang van een spesie na 'n ander' (wat gelowiges nie aanvaar nie).
[44] "To hold that a frog can be turned into a prince is to believe a fairy tale. To hold that a frog (or some other amphibious creature) in 300 million years becomes a prince is called science." (aangehaal deur RJ Rushdoony in sy resensie van Duane T. Gish se boek, 'Evolution: The Fossils Say No !, in *The Journal of Christian Reconstruction: Symposium on Creation*, vol.1, Summer, 1974, no.1, p.172).

### *v. Is die man die hoof van die huis?, ds. Jaco Thom (bl.135-138)*

Vir Thom is die Bybelse siening van manlilke leierskap en vroulike onderdanigheid 'n probleem, 'n groot probleem. Hy meen hierdie verhouding soos die kerk vir 20 eeue geglo het, is deel van die na-sondeval toestand, en Christus het ons van hierdie 'verknegtende standpunt' kom bevry, dit het net lank gevat om dit goed te verstaan en deur te trek na die 'praktyk'.

Hy meen dat Paulus in 1 Kor.14:34,35 en 1 Tim.2:12 aangesluit het by die 'Joodse opvatting' wat "vroue as minderwaardig behandel". Erger nog, is dat Paulus dit ook gedurf waag het om hierdie opvatting 'uit die Bybel (te) verdedig' deur hom te beroep op die skeppingsorde en die sondevalgebeure. Hy gebruik nie die woord nie, maar volgens hom is Paulus dus eintlik 'n chauvinis. Dit is eers eeue later met die opkoms van die feminisme, dat 'manlike dominering' begin verdwyn het, en vroue ook nou op 'gelyke voet' in die kerk behandel word, soos meer denominasies vroue ook in die besondere ampte toelaat.

Thom deel ook 'n klap uit na Angus Buchan se 'Mighty Men' konferensies, oor sy siening dat die man die hoof van die huis is, en die vrou onderdanig moet wees, albei in die Here.

Baie insiggewend is dit dat Thom, behalwe die verwarrende en verdraaide betekenis wat hy aan bybelse manlike leierskap toedig, ook met geen Skriftuurlike eksgese kan kom waarom vrouens in die besondere ampte moet dien nie, behalwe om na 'n paar narratiewe voorbeelde/gedeeltes te verwys (nie normatiewe gedeeltes soos 1 Kor.14 en 1 Tim.2 nie), so half op 'n 'fundamentalistiese' wyse ook.

Sy 'sterkste' argument is ook sy swakste argument:

Slawerny was ook eers toegelaat en verdra, maar "tog glo ons vandag onomwonde dat slawerny teen God se wil is". Dus, manlike leierskap en vroulike onderdanigheid is ook teen God se wil eintlik, maar nou moet dit gaan.

As Thom egter sy Bybel bestudeer, sal hy sien dat nêrens waar slawerny genoem word, dit goed gepraat word nie. Soos met die skeibrief van Moses (Deut.24:1-4), was dit 'n praktyk wat God in sy sorg gereguleer het met sy regverdige wette, en nie slawerny normatief verklaar het vir alle tye nie. Nêrens waar Paulus skryf oor slawerny of slawe, beroep hy hom op die skeppingsordening, dat dit God se wil is nie. Maar, as Paulus skryf oor die man en die vrou se rolle en take in beide huwelik/gesin en die gemeente, dan beroep hy hom op die skeppingsorde: "soos die wet ook sê" (1 Kor.14:34), en: "Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva" (1 Tim.2:13).

Maar, as 'n mens Thom se antwoord lees, dan is dit duidelik dat die Skrif nie die hoogste gesag is nie, maar die mens en sy behoeftes en die huidige tydsgees: "(die) aansienlike druk van vrouregtebewegings ... die kerk (het) anders ... begin dink" oor die posisie van die vrou.

Die NHK en die NGK het reeds gevou en gebuig voor mnr. Wêreld wat hierdie saak betref. Die GKSA is sterk oppad, daar word besluit oor hierdie saak in Julie 2009. Ten minste is Thom en sy mede feministiese teoloë konsekwent: hulle verwerp bloot die normatiewe duidelike tekste soos 1 Kor.14 en
1 Tim.2, want hul weet dit beteken manlike leierskap en vroulike onderdanigheid in beide gesin en gemeente, d.w.s. ook geen vroue in die besondere ampte nie.

In die GKSA is daar egter 'n groep wat probeer om veral laasgenoemde duidelike teks so te buig, dat dit leer dat die vrou wel onderdanig moet wees in die huis,maar nie in die gemeente nie (daar kan sy regeer en leer).[45] Dit is so vreemde uitleg, dat 'n buitelandse teoloog opgemerk het dat dit die eerste keer is dat hy van hierdie 'nuwe uitleg' hoor, maar hy verwelkom dit, aangesien dit plek maak vir vroue in die besondere amp!

### *vi. Is kerkeenheid moontlik?, Dr. Coenie Burger[46] (bl.165-168)*

Burger is teleurgesteld dat die Reformasie van die 16de eeu ten koste van eenheid was: "Dit is een van die hartseer kwessies omtrent die Hervorming: dat hulle stryd om die waarheid uiteindelik ten koste van die eenheid van die kerk was."

Hy sien egter die 'ekumeniese beweging' van die 20ste eeu as 'n ligpunt, die Here het volgens hom mense se oë begin oopmaak. Groot is sy blydskap oor die Stigting van die 'Wêreldraad

[45] Douw G Breed, Fika J van Rensburg & Gert JC Jordaan. *Manlik en vroulik in die kerk: Geslagtelikheid en die besondere dienste* (Potchefstroom: PTP, 2008).

[46] NG predikant en teoloog, tans betrokke by *Communitas*.

van Kerke' en is omgekrap dat daar mense is wat die WRK in SA verdag maak, want "hierdie organisasie het oor die jare wonderlike en belangrike werk gedoen."

Gaan lees die volgende artikel om te sien al die 'wonderlike' en 'belangrike' werk wat die multi-godsdienstige, new age, marxistiese, pro-homoseksuele, pro-feministiese, pro-aborsie WRK/SARK doen: "Die GKSA en die WRK/SARK", deur Francois van Deventer[47]

Ja, elke gelowige bely en glo aan die eenheid van die kerk, maar dit is 'n eenheid in Christus, in Woord en Gees. Eenheid in die waarheid, albei, nie net die een of die ander nie (Joh.17:17).

'n Mens se Skrifbeskouing tas nie net jou teologie aan nie, maar ook en veral jou etiek. Dit sien ons in die laaste gedeelte.

## 3. Etiese vrae[48]

### *i. Gaan gays hemel toe?, dr. Ben du Toit[49] (bl.67-70)*

Christus sê vir alle sondaars (ook gays) kom net soos julle is en Ek sal julle vergewe, genees en herstel. Dr. du Toit verdraai God se 'genade' deur te sê: kom soos julle is, en *bly* soos julle is, want julle seksuele oriëntasie is nie 'n keuse nie, dit is hoe julle is, ander mense is weer heteroseksueel:

> "Nuutste navoring oor 'n breë front van wetenskaplike dissiplines toon al hoe duideliker aan dat 'n mens in jou seksuele *oriëntering* en *identiteit* nie 'n keuse het nie. Dit geld alle mense, heteroseksueel sowel as homoseksueel."

Indien 'n man seksueel aangetrokke voel tot 'n ander man, dan is dit nie verkeerd nie. Die vraag is nie of 'n mens 'n keuse het nie (ons is van nature sondaars en slawe van die sonde, Joh.8:30-36), maar of dit reg of verkeerd is, en of daar verlossing en hoep is.

Du Toit is darem bietjie 'streng' ook: gays mag net nie promiskuiteit be-oefen nie, meen Du Toit, dit is nou 'losbandige seksuele gedrag'. Wat beteken dit ?

Hy sê nie. Laat ek raai: daar mag nie drie ouens lepel lê nie, net twee op 'n slag mag doen wat vir God 'n *gruwel* is ?[50]

Indien Du Toit bedoel gays kan maar in hul gedagtes en innerlikele lewe gay wees, maar solank hul dit net nie 'be-oefen' of letterlik 'doen' nie, dan is hy direk in stryd teen die leringe van ons Here Jesus Christus.

Christus leer dat ons in ons dade én denke rein moet wees: dit is verkeerd om 'n vrou "te begeer in jou *hart*" (Matt.5:28), en om fisies egbreek te pleeg, albei.

Paulus wys ook daarop daarop dat homoseksuele denke (oriëntering?) en dade verkeerd is:

> "Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede *van hulle harte* oorgegee aan *onreinheid*, om hulle liggame onder mekaar te *onteer,* hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. Daarom het God hulle oorgegee aan *skandelike hartstogte*, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle *wellus* teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne *skandelikheid bedrywe* en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang." (Rom.1:24-27)

Die Bybel leer dus dat 'n mens mag nie 'n 'closet' - daar-is-'n-geraamte-in-my-kas gay wees nie, asook nie 'n openbare belydende publieke gay nie, soos die Skrif dit ook leer aangaande egbreuk: dit is verkeerd in beide denke/oriëntasie en gedrag/dade.

Die feit dat 'n sondige wêreld 'n lewenswyse en denke van egbreek en hoerery aanvaarbaar maak, beteken nog nie dit is reg nie. Du Toit het oorlog verklaar teen God (Jak.4:1-5).

---

47 Beskikbaar by die volgende webblad: http://www.esra-instituut.co.nr/ (kyk onder die 'Kerk' afdeling).

48 Etiek is die besinning oor die mens se handelinge en dade, of dit reg of verkeerd is.

49 Direkteur vir kommunikasie van die Wes- en Suid-Kaapse Sinode. Hy sit ook in die paramentêre lessenaar van die NG Kerk, wat die GKSA ook gebruik om met die burgerlike owerheid te 'kommunikeer'.

50 Lev.18:22; Rom.1:27; 1 Kor.6:9,10; 1 Tim.1:10.

As onder-afdeling van hierdie gedeelte, staan daar die opskrif "Wat sê die Bybel?"

'n Mens sou nou goeie verklaring verwag om te wys 'gays gaan as volhardende belydende praktiserende gays hemele toe".

Maar wat kry ons ?

Soos die fariseërs van Jesus se tyd (Joh.8:1-11) probeer Du Toit die aandag wegtrek van die goddeloses (fariseërs wat volhard het in 'n lewe van owerspel; vandag: die volhardende gay lewensstyl) en vervolg die regverdiges (Jesus en die vrou; vandag: die gelowiges wat gays op die regte pad wil help en die gays wat werklik gehelp wil word).

Hy haal 1 Kor.6:9 aan, en in plaas van om die teks te verduidelik en toe te pas vir ons tyd, gaan hy oor op 'n aanval teen die gelowiges:
- hoekom gays uitsonder ?
- wat van die ander sondes ?
- (en later): onthou julle gaan ge-oordeel word omdat julle gays 'veroordeel' !

Dan vergelyk hy dit met egbreuk en egskeiding wat glo nooit ophou nie.

Kom ons kyk na hierdie gedeelte, juis in sy konteks:

> 9 Of weet julle nie dat die onregverdiges die koninkryk van God nie sal beërwe nie?
> 10 Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. 11 En dit *was sommige van julle*; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus en deur die Gees van onse God. 1 Kor.6:9-11

*Eerstens*, nie een van die sake in hierdie 'sondelys' (v.10) word deur die Skrif self 'uitgesonder' nie. Al hierdie sondige optredes en lewenswyses word as sonde veroordeel, dat as jy daarin volhard en dit goedpraat,[51] jy nie die koninkryk van God sal be-erwe nie.

*Tweedens*, al hierdie sondes [52] het redding, bekering, belydenis, vergifnis nodig, en 'n nuwe lewe waarin volhard word in 'n stryd teen daardie spesifieke sonde in 'n mens se lewe.

*Derdens*, verkondig Paulus duidelik aan alle sondaars wat worstel met hul spesifieke sonde, dat 'dit *was* sommige van julle' (v.11). Die werkwoord 'was' is iets wat in die verlede plaasgevind het, en nou voortduur, d.w.s. hulle het verander en bly nou veranderd as nuwe mense in Christus. Bv. hulle 'was' homoseksueel maar is nou bevry daarvan. Dit beteken onder andere:

- in Christus word homoseksuele persone ook gered, geregverdig en geheilig deur die Gees van God,
- 'n homoseksuele mag nie volhard in sy sondige denke- en leefwyse nie,
- Deur sy genade gaan sondaars, wat elkeen strydend en oorwinnend teen hul spesifieke sondes, die koninkryk van God in.

*Vierdens*, Paulus getuig op 'n ander plek dat nie homoseksueles nie, maar hyself die vernaamste sondaar 'is' (teenwoordige tyd !). Dit bevestig dat die grootste homoseksuel deur God in sy genade gered *en verander* kan word.

Dit is juis die Evangelie wat mense red en bevry om weer volgens die gesonde leer, volgens God se wet te lewe. God se barmhartigheid, en nie mense se krag of gene nie, verander alles, selfs die grootste sondaar.

Ek stem saam met Du Toit, alle sonde is verkeerd, ons moet nie sekeres alleen uitsonder nie. Maar, dit is juis hý wat skuldig is aan 'uitsondering': hy wil homoseksualisme, gay wees, sodomie 'uitsonder' as nie 'n sonde waarvan 'n mens hom[53] moet bekeer nie. Hy probeer probeer 'sleg goed noem en goed sleg' (Jes.5:20).

Hoekom dan net homoseksualisme 'uitsonder' om moreel en eties aanvaarbaar te wees in die kerk ? Hoekom kan ons dan nie ook hoereerders wat aanhou hoereer, egbrekers wat aanhou egbreek, diewe wat aanhou steel, ens.,

---

[51] "... mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle *goedkeuring* skenk aan die wat dit doen." - Romeine 1:32

[52] Dit is nie bedoel om 'n volledige lys te wees nie.

[53] of *haar !*

goedpraat en toelaat netsoos hul is en hul aanmoedig om so te bly nie ?

Ek is seker daar kan iewers 'nuutste navorsing' uitgedink word wat aantoon dat hoerery, rowery, om te moor, ens., alles maar net bloot deel van 'n mens se oriëntering en identiteit is waaroor "hy nie 'n keuse het nie".

Dit is maar bloot 'n 'komplekse geleentheid' dat iemand vrouens verkrag, of kinders molesteer, so iemand moet as belydende volhardene verkragter en molesteerder as sy seksuele orientasie, toegelaat word en welkom wees in die kerk.

En as iemand hom vasvat, sal dr. du Toit met hul kom raas omdat hul so 'liefdeloos en onverdraagsaam is'.

Wat Du Toit en ander valse profete doen is onregverdig én liefdeloos. Onregverdig omdat hul God se regverdige wet, sy Woord, probeer verander en verdraai om te leer gay wees is reg en goed, terwyl die Woord sê dit is verkeerd, 'n sonde.

Dit is liefdeloos, omdat dit gays wat redding nodig het (soos egbrekers, moordenaars, diewe, ens.) daarvan weghou om 'n ware sondebesef te hê, sodat hul kan uitroep na Christus se verlossing, wat hul kan bevry van hierdie 'dood'styl, en hul vernuwe kan word om "met 'n ernstige voorneme (te) begin om nie alleen volgens sommige nie maar volgens *al* die gebooie van God te lewe."[54]

Geen mens, hetsy egbreker, dief of homoseksueel mag 'gay wees' oor sy sondige denke en lewenswyse nie.

Ja, alle sondaars, ons almal, ook homoseksuele sondaars moet hoor dat die enige ware 'gay wees' (*gelukkig* wees), is:

'As die Seun jou vrygemaak het, sal hy *waarlik* vry wees" (Joh.8:36),

en die vrug daarvan, *ware* geluk:

"Wel*geluk*salig is die opregtes van weg, wat in die wet van die HERE *wandel*." (Ps.119:1) !

[54] HK, v/a 114.

**Laastens**, noem ek net 'n paar antwoorde op etiese vrae, om u 'n aanduiding te gee van wat die boek verder leer:

*Hoe gemaak met armoede ?*
Antwoord: die Bybel gee geen antwoorde nie.

*Kersfees – feit, fantasie of geloof ?*
Antwoord: ons kan heidense tradisies 'heilig' en 'n totaal nuwe betekenis gee.

*Is lotery sonde?*
Antwoord: dit is nie so goeie ding nie, baie nadele, maar "Ons moet ook erken dat dobbel onder 'n dobbelraad beter is as agterstrate se ongereguleerde dobbel en uitbuitery" (bl.109).[55]

*Is verassing Christelik ?*
Antwoord: "Daar (is) inderdaad en in beginsel geen Bybelse gronde teen die gebruik verassing nie."[56]

*Reg of Verkeerd ?*
Antwoord: die Bybel gee nie duidelike morele riglyne oor alle sake nie.

*Is Godsdiensvryheid my reg ?*
Antwoord: Gelowiges moet saamwerk aan 'n Handves van Godsdiensregte.

*Is Tatoe Taboe ?*
Antwoord: Dit is nie noodwendig sonde nie, maar kan nadelig wees. Onthou, " 'n Tatoe begin in jou gedagtes vorm aanneem voordat dit op jou lyf verskyn. Maak seker dit is jóú storie soos jy die lewe in Jesus ervaar. Dit wys watter betekenis jý aan die lewe wil gee." (bl.191)[57]

In kontras met hierdie 'jou storie-sentrisme', is die gelowige tevrede met "God se storie", waardeur ons die merktekens van die heilige doop en nagmaal ontvang.

*Is aborsie sonde ?*
Antwoord: Ja, as dit is om geboorte te beperk, nee, as dit is vir 'gewigte morele redes', soos as

[55] Dit is dieselfde grys-etiek as met aborsie.
[56] Ek sou aanbeveel, vir u persoonlike veiligheid, om nie by hierdie 'kenner' te gaan eet nie, bly veral ver weg van sy oond in die kombuis. Ek beveel aan dat u eerder die volgende boekie bestudeer om 'n bybelse antwoord op hierdie saak te kry: H. Hefer,
[57] In kontras met hierdie 'jy-sentrisme', is die gelowige tevrede met die merktekens van die heilige doop en nagmaal.

die vrou "om 'n terapeutiese rede 'n aborsie ondergaan" dan is dit "die minste van twee kwade" (bl.200).

Ek wonder as iemand om 'gewigte morele en terapeutiese redes' van haar man wil ontslae raak, dit dan ook 'wettig' sal wees ?

Tot hiertoe 'n paar vrae en antwoorde oor etiese sake.

**Aanbeveling**
Sommiges sal dalk vra: maar wat van die goeie antwoorde in die boek ?

Dit is juis die *kernprobleem*, nie net van hierdie boek nie, maar die huidige kerklike en godsdienstige klimaat in SA. Nie net die grense van gereformeerd-wees nie, maar nou ook bloot christen-wees, word al wyer en wyer gespan, sodat daar later geen meer onderskeid tussen die Christelike geloof en alle ander godsdienste en filosofieë sal wees nie.

J. Gresham Machen het die volgende wyse woorde gespreek, vir ons tye veral:

> "In the sphere of religion, as in other spheres, the things about which men are agreed are apt to be the things that are least worth holding; the really important things are the things about which men will fight."

Daarom is my aanbeveling aangaande die boek as volg:

*Eerstens*, lees hierdie boek om te weet, wat u in die meeste gevalle nié moet glo nié.

*Tweedens*, neem kennis van die name van professore, predikante en ander kundiges en geleerdes, sodat u kan weet waar u nié moet gaan vra vir brood en vis nie, want u gaan net teologiese klippe en slange kry.

*Derdens*, kyk na die name, sodat u nie kerke bywoon waar u "postmoderne ongeloof" gaan subsidieër met u gawes nie.

*Vierdens*, kyk na die name, sodat u weet waar om nie u kinders te stuur vir enige bybelse of teologiese studies nie. Soos dr. RJ Rushdoony dit waarskuwend gestel het reeds in sy tyd, maar wat ook geld vir die huidige kritiese tye in (post)modernistiese teologiese skole:

> "If the student is a theology major, it is unlikely that he will leave the seminary with a full reading of any great theologian. He may be 'Reformed,' but it is unlikely that he will have read Calvin's *Institutes*. A course in Calvin, the church fathers, Luther, Van Til, or any other like thinker is very unlikely. But he will get courses in the current theological idiot of the covenantbreaker's church. After all, must he not have a box-full of serpents for Christ's flock ?"[58]

*Vyfdens*, bly eerder by die Kategismus se geloofsvrae en geloofsantwoorde, as by hierdie boek se klomp twyfelvrae en twyfelantwoorde.

Ongeag die paar goeie skriftuurlike antwoorde wat versprei is in die boek, doen hierdie boek nie wat dit belowe nie. Dit help nié die gelowige in sy geheel "om antwoorde op hul 'grootste' geloofsvrae te kry (nie) en om opnuut in die geloof versterk te word (nie)."

Dit is 'n direkte aanval op die "geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges" (Judas 3), die 'algemene ongetwyfelde christelike geloof' wat ons bely deur die eeue.

Indien u werklik geloofsantwoorde soek in vandag se verwarde wêreld, stel ek die volgende voor:

1. Bid en vra ons Here Jesus om u in alle waarheid te lei deur sy Gees en Woord.

2. Bestudeer die Bybel aan die hand van ons gereformeerde belydenisskrifte.

3. Doen saam met u gesin huisgodsdiens, daagliks: lees die Bybel (Ou Vertaling), sing Psalms (Totius beryming) en bid saam.

4. Soek saam as gesin 'n gemeente wat die Woord en sakramente suiwer verkondig, die liefdevolle tug toepas, volgens die gereformeerde belydenis (NGB artikel 29), in antitese met die sondige wêreld.

[58] Sien die volledige artikel hieronder.

# SKRIFKRITIESE OPLEIDING IN TEOLOGIESE SKOLE

Dr. R.J. Rushdoony

Oorspronklike titel: *Seminary Systematics,* in: *Systematic Theology, volume 1* (Vallecito, CA: Ross House Books, 1994), p.113-115. Opmerkings in voetnotas is bygevoeg. RJ Rushdoonty (1916-2001) was 'n Amerikaanse gereformeerd-presbiteriaanse teoloog, filosoof en opvoedkundige. Vir meer inligting: www.chalcedon.edu

Die voorveronderstelling [59] van *kritiese* ondersoek (van die Bybel) is die outonomie van menslike denke[60]. Die mens kan sogenaamd by die waarheid uitkom, deur middel van rasionele en wetenskaplike ondersoek, vry van voorveronderstellings. Kritiese ondersoek veronderstel dus, *eerstens*, dat die mens objektief en outonoom is, 'n veronderstelling wat 'n suiwer mite is, nie 'n werklikheid nie.

*Tweedens*, ontken kritiese ondersoek die feit dat die sondeval 'n basiese aspek is van die mens se lewe en denke. Die mens se staat as 'n gevalle en sondige skepsel, 'n verbondsbreker, verander sy toestand en al sy denke radikaal. Om te dink dat so 'n mens vir ons 'n onpartydige en nie-bevooroordeelde resultate gaan gee, is om die sondeval te ontken en te veronderstel dat die mens 'n god is.

*Derdens*, ontken kritiese ondersoek die religieuse fondamentte van menslike denke, en sê dat die mens wesentlik rasioneel is, nie godsdienstig nie.

Vir 'n Christen om kritiese ondersoek na te jaag, is om 'n anti-Christelike intelektuele houding te veronderstel wat geleidelik sy teologiese belydenis sal ondermyn. Kerklike teologiese skole en kolleges, wat baie ywerig is om akademiese erkenning te kry (en die wellus na akademiese erkenning is die sentrale oorsaak vir intellektuele hoerery), verloor gereeld hul geloofsbelydenis, want hul metodologie vereis 'n ander godsdiens, humanisme. Hulle begin met kritiese ondersoek, en dan eindig hulle gewoonlik in die bed van die humaniste.

*Christelike* ondersoek, aan die ander kant, ontken, *eerstens*, dat die mens 'n objektiewe en neutrale houding kan inneem. Die mens is of 'n verbondshouer of 'n verbondsbreker, en, in beide gevalle, 'n skepsel en daarom nie objektief of outonoom nie.

[59] Die mens se mees basiese aannames, vertrekpunte en oortuigings aangaande God, mens en wêreld.

[60] Outonoom = selfregering of selfwet. Die mens wat dink hy kan los of sonder God dink !

*Tweedens*, die sondeval het die mens se verstand verduister en verdraai. Nie eers is die verloste mens kan 'n vlekkelose analise gee nie, aangesien hy ver van volmaak geheilig is in hierdie lewe. Alleen wanneer die mens in getrouheid God se denke agter Hom aandink, kan hy die waarheid begin ken en verstaan soos God dit geskep en verklaar het. Sulke geldige kennis, wat die ongelowige bekom, sal buite konteks verdraai word en 'n vreemde betekenis gegee word.

*Derdens*, Christelike ondersoek sal altyd erken dat religieuse voorveronderstellings die mens se lewe en denke bepaal, sodat 'n mens se geloof altyd jou lewe en denke sal beheer.

Maar wat doen die evangeliese en gereformeerde teologiese skole ?

Omtrent sonder onderskeid, as voorbeeld, benader dit die Graf-Wellhausen teorie vanuit die perspektief van kritiese ondersoek. Die opregte en geleerde kritiek wat volg sal in detail die weersprekings en foute van die dokumentêre hipotese uitwys aangaande die Pentateug[61], maar in die dieselfde proses, terwyl dit sekere plaaslike veldslae wen, die oorlog self verloor.

Dit veronderstel as geldig 'n bose valse benadering. Hul benader ongeloof as 'n eerlike intellektuele probleem, terwyl dit in werklikheid 'n morele en godsdienstige probleem is. As die

[61] Die eerste vyf boeke van Moses: Gen.-Deut. Die Graf-Wellhausen teorie is 'n teorie oor die ontstaan van die Pentateug, nl. dat dit saamgestel is deur priesters tydens en na die ballingskap van vier (hipotetiese) bronne: J, E, D en P (F. Deist, *A Concise Dictionary of Theological and Related Terms,* Pretoria: JL van Schaik, 1984). Die Mosaiese outeurskap van die Pentateug word dus ontken. Vir meer hieroor, lees gerus Totius se artikel, *Wat is Skrifkritiek?* (*Versamelde Werke*, deel 1, Tafelberg: 1977, bl.41). Vir goeie voorbeelde van huidige volgelinge van hierdie teorie, met al sy variasies, sien enige moderne afrikaanse studiebybel wat deur CUM uitgegee word.

Bybel waar is, en jy is 'n manlike prostituut of 'n siniese kritikus van die Ou Testamentiese teks is, dan is jou probleem moreel en godsdienstig, nie intellektueel nie. Intellektuele probleme is interne vrae binne-in 'n sisteem.

'n Verbondsbreker het een soort van intellektuele probleme, en 'n verbondshouer 'n ander soort. Die intellektuele probleme is dan 'n vraag van ontwikkeling, begrip, en groei binne 'n geloof en raamwerk, maar die mens se teenwoordigheid binne die raamwerk is religieus en 'n morele besluit.

Om die metodologie van ongeloof te aanvaar, is om die voorveronderstellings van ongeloof te aanvaar. Daardeur word die geloof, wat leer dat die intellektuele probleme van die mens as skepsel gewortel is in 'n religieuse en morel besluit, opgegee.

Die teologiese skool en kollege met 'n valse morele basis sal gou van die pad af dwaal. Die oorlogslinie verskuif van die morele na die intellektuele terrein, om die vyand te akkomodeer. Die kurrikulum sal dan 'n valse sistematiese teologiese onderbou hê.

Die teologiese skool, sal dan, eindeloos die teorieë van die aanhangers van die Graf-Wellhausen mite ondersoek.[62] In plaas van om die Bybel te leer, sal dit besig wees met "probleme" in terme van kritiese ondersoek.

So *verskaf dit morele geldigheid aan die vyand se aanklagte en doelwitte.*

Die student wat spesialiseer in of die Ou of Nuwe Testament sal baie weet van wat die vyand te sê het, maar hy kan die teologiese skool verlaat, sonder om met 'n toelatingseksamen, vier klein profete se name te noem, Eségiël, Sagaria en Hábakuk se name te kan reg spel, die Tien Gebooie op te noem, of ander elementêre dinge te noem of te doen (Hierdie is werklike voorbeelde van eksamens). Dit staan vas dat hy[63] nie die hoofpunte van Romeine, 1 Korinthiërs, Haggai of Jeremia kan weergee nie. Hy kan egter wel die Graf-Wellhausen teorie op 'n behendige wyse bespreek, sodat hy 'n goeie sak vol klippe het om Christus se skape te voed.[64]

Dit is onwaarkynlik dat wanneer die finale jaar teologiese student die teologiese skool verlaat, hy enige groot teoloog deeglik gelees het. Hy mag dalk 'gereformeerd' wees, maar dit is onwaarskynlik dat hy Calvyn se *Institusies* al gelees het. 'n Kursus in Calvyn, die kerkvaders, Luther, Van Til, of enige ander denker[65] is heel onwaarskynlik. Maar, hy sal wel 'n kursus kry in die huidige teologiese idioot van die verbondsbreker-kerk, aangesien hy 'n doos-vol slange moet hê om Christus se skape te voed !

Sê ek dit is verkeerd om Barth,[66] Moltmann en die soort te bestudeer ? Nee, glad nie, vir die spesialis is dit nodig, solank hy eerstens goed begrond is in die suiwer teologie en goeie teoloë. Ken hy bevoorbeeld Calvyn se *Institusies*, die verskillende relevante werke van Van Til,[67] en gelyksoortiges ?

Indien nie, mors hy sy tyd en is besig om God se volk te beroof. As hy sy Bybel ken, en as hy deeglik begrond is in suiwer teologie en *Christelike voorveronderstellende ondersoek*, dan alleen kan hy vrugbaar met die vyand se

[62] Vandag: die Jesus Seminar/Nuwe Hervorming mites.

[63] Vandag: of *sy ...*

[64] Ons is almal dankbaar dat die gemiddelde teologiese student vandag, gelukkig ook nie meer eers dit kan doen nie. Maar dit beteken nie dat dit noodwendig beter gaan nie: die skape word nou, deur die pastoor met sy kitaar in hand sonder 'n preekstoel, deur 'pragmatiese teologie' met die nuutste *chick*-fliek, *gospel-rock show*, sport- of *celebrity* ster, en Rick Warren se nuutste "40 dae en 40 nagte *how to*" boeke 'gevoed'. Sien ook die nuwe boek wat hierdie huidige krisis in die prediking aanspreek: *Why Johnny can't Preach - The Media have Shaped the Messengers*, T. David Gordon (P&R, 2009). *Pro Regno* beoog om in die toekoms 'n resensie van hierdie boek aan te bied.

[65] Totius is nog net 'n historiese gedenkwaardigheid in Potchefstroom.

[66] Ter inligting vir ons nuwe geslag vermaaklikheidsterre en motiveringsprekers (postmoderne teologiese studente en predikante): dit is nou *Karl* Barth … nie *Bart* Simpson nie.

[67] Cornelius van Til, nedelandsgebore Amerikaanse gereformeerde teoloog en apologeet. Van Til het vir prof HG Stoker, bekendste calvinistiese filosoof van SA, gereken as een van die grootste filosowe van sy tyd wêreldwyd. Stoker is egter ook 'n historiese gedenkwaardigheid in Potchefsroom. Sien die nuutste boek oor Van Til, *Cornelius van Til: Reformed Apologist and Churchman*, John R. Muether (Philipsburg, NJ: P&R, 2008).

denke omgaan, en effektief die mat onder die teenstanders se voete uitruk.

Telkens het reformatoriese bewegings in die kerk afgedwaal, en die reformatoriese teologiese skole is baie vinnig om trots te wees wanneer hul ge-akkrediteer word deur die vyand. Hulle geleerdes skryf proefskrifte waarin hul die vyand ontleed deur middel van kritiese ondersoek, en dan eindig hul, stadig maar seker, in die vyand se kamp.

Te maklik word hulle self die kultuur-veragters van God se nederige gelowiges en die vyande van Christus se volk. Deur middel van die metode van kritiese ondersoek, beweeg hulle in 'n vreemde sistematiek en begin dan oorlog te voer teen die huis van geloof.

Die noodsaaklikheid van 'n ware Bybelse sistematiese teologie is daarom baie dringend. Ons sal God ontken in elke saak, as ons nie alle dinge sien in terme van God en Sy Woord nie.

Redakteur: Slabbert Le Cornu, predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville.

Kontakbesonderhede: Posbus 5 Carletonville 2500 Selnr 083 660 1578 E-pos: proregno@gmail.com

Esra Instituut: www.esra-instituut.co.nr Blog: http://proregno.blogspot.com

"As jy die wêreld wil verander, neem jou pen op" – Maarten Luther